



TOULEIER



Rooinek-paarties: Steel met oorleg

Hierdie week die res van Chris McEvoy se wenke oor makietie by rooinekke. Jy moet ook nie dans nie, en eet gerus voordat jy na die makietie toe gaan.

Reël 3: Steel met Oorleg

Jy sal aanvanklik aanneem almal is veronderstel om hul eie drank te drink. So sal jy dan begin deur met 'n glas van jou eie rooiwijn na die geselsarea te beweeg waar almal jou gaan bekyk en beoordeel soos 'n skouskaap. Teen die tyd dat jy terugkeer kombuis toe vir jou derde glas, het een of ander toffieneus alkoholies al klaar jou bottel leeg gemaak. Dis onvermybaar.

My nasie is baie minder gesofistikeerd as wat hulle dink en het 'n tragiese onderskating van hul eie drinkgewoontes. Hulle sal altyd te min voorraad saambring en sodra hul eie drank opraak, sal hulle – soos eeue lank reeds – dit hul reg ag om al jou hulpbronne te koloniseer.

Om die situasie erger te maak, sal daar ook 'n paar mense met witwijn opdaag. Twee drankies later beseft hulle dan skielik hulle verkies eintlik rooiwijn. Jou enigste uitweg is dus om die 'wanneer in Rome' prinsiep toe te pas. Eintlik is dit nogal heelwat pret om anderse drank te steel.

Redelik veilig ook, want meeste mense is reeds te geswaai om om te gee, en wit Engelssprekende Suid-Afrikaners kan nie hul pad kan uit 'n kardoessak baklei nie."

Reël 4: Moenie Dans nie!

Ja, daar sal 'n dansvloer wees en selfs gekleurde ligte – maar, die dansvloer sal meeste van die aand leeg en verlate wees. Dis omdat my stamlede aandag vermy.

Ons wil net stilweg inskakel en al die voordele geniet wat kom van saam met die stroom swem. Ons sal nooit ooit die stroom se rigting probeer verander nie. Dis hoe ons al die jare voordeel getrek het uit apartheid. Ons het PFF gestem en dan die gode gedank as die Natte weer gewen het. Ons hou nie daarvan om verantwoordelikheid te neem nie.

Dan is daar natuurlik die feit dat ons nie KAN dans nie. Ons waag dit slegs op die dansbaan as ons erg gekletter is, en dit is 'n bejammerenswaardige toneel. Ons spring op en af op een plek met swaaiende dun armpies.

Woerwoerende vleiswindmeule wat enigiemand wat dom genoeg is om dit te naby waag, des moers slaan. Miskien, in hierdie tye van herverdeling, is dit tyd dat ons rooinekke opstaan en aandring op 'n herverdeling van ritme.

Finale wenke:

Eet voor jy gaan. Daar gaan geen kos wees nie. Net een of twee eensame bakkies tiips en een pierinkie met grondboonties is die norm.

My stamgenote sal ook nooit erken dat hulle dronk is nie. Ons is baie vaardig wanneer dit kom by nugter speel, al is ons ook hoe gekletter. Jy sal eers beseft jy bespreek die hele tyd rentekoerse met 'n getoorde wysak wanneer iets skielik op jou skoene opdaai.

Volgende keer: Paartie saam met Kleurlinge.

Gegroet uit Doha,

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Dis lekker om 'n Suid-Afrikaner te wees

1. Jy kan halfgedroogde rou vleis eet sonder dat iemand jou skeef kyk.
2. Niks is jou skuld nie, jy kan dit op apartheid blameer.
3. Waar anders kry jy lemoene met 'n 45% alkohol-inhoud by rugby-wedstryde?
4. Dis die enigste land waar stakende werkers wys hoe kwaad hulle is deur te dans.
5. Jy kan jou erf se grensmure met doringdraad versier.
6. Onwettige immigrante vlug land uit omdat die misdaadvlakke so hoog is.
7. 'n Moordenaar kry 6 maande tronkstraf, en iemand sonder 'n TV-lisensie kry twee jaar.
8. Tronkvoëls staak en mag stem in verkiesings.
9. Polisiekantore het alarms waarmee gewapende veiligheidsdienste ontbied word wanneer daar 'n inbraak is.
10. Jy kry swak diens in elf amp telike tale.

VREEMDE FEITE

- ◆ 'n Rot kan langer sonder water leef as 'n kameel.
- ◆ Jou maag moet elke twee weke 'n nuwe slymlaag vervaardig om te voorkom dat hy homself verteer.
- ◆ Die kolletjie op die "i" word 'n tittel genoem.
- ◆ 'n Rosyntjie wat in 'n glas vol vars vonkelwyn gegooi word, sal aanhou om op en af in die glas te bons. (Laat weet tog as een van julle dit kan bevestig!)
- ◆ 'n Eend se kwaak eggo nie. Niemand kan verklaar hoekom dit so is nie.
- ◆ In die strydwa-toneel in Ben Hur is 'n klein rooi motortjie in die verte te sien. En Charlton Heston dra 'n horlosie.
- ◆ Donald Duck strokiesprente was geban in Finland omdat hy nie 'n broek dra nie.
- ◆ Weens die skaarsste van metaal, is die Oscars tydens die Tweede Wêreldoorlog van hout gemaak.

Ons sien dinge maar net nie eenders

1. WATSENAAMS

Vroulik: Enigiets onder 'n kar se enjinkap.
Manlik: Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

2. KWESBAAR

Vroulik: As jy jouself emosioneel teenoor iemand anders openbaar.
Manlik: As jy krieket sonder 'n boks speel.

3. KOMMUNIKASIE

Vroulik: Om onvoorwaardelik jou gevoelens met jou metgesel te deel.
Manlik: 'n Nota op die yskas voordat jy saam met die manne uitgaan.

Die herkoms van ons gesegdes (14)

Kokkedoor: 'n Groot kokkedoor ('n belangrike persoon)

Die kokkedoor is 'n vervorming van die Franse *coq d'or*, dus "haan van goud". Goue hane was vroeër eeue baie gewild, maar ook baie skaars en duur, en enigeen wat so 'n haan kon bekostig, moes dus 'n welaf of vooraanstaande persoon wees. Daar is naderhand oordragtelik na die einaar verwys as die *coq d'or* - die goue haan, die groot kokkedoor.

Kom kommer: So koel soos 'n komkommer (nie die minste opgewonde nie)

Wetenskaplikes het sedert die jare 1500 beweer dat die binnekant van 'n komkommer sowat 9 grade Celsius koeler is as die omringende temperatuur, hoofsaaklik as gevolg van die hoë waterinhoud van die vrug.

Kool: Iemand oor die kole haal (iemand berispe)

Die oorsprong is 'n ou strafgebruik uit die Middeleeue toe 'n persoon sy onskuld moes bewys deur kaalvoet oor gloeende kole te loop. As hy gebrand het, was hy skuldig.

Die OORDEELSDAG

Al ooit gewonder hoe die media die oordeelsdag sal aanbied?

ROOI ROSE

Susan Coetzer kuier met engele

SARIE

Nou het jy nie vriendinne nodig nie

VROUE KEUR

Hemelse resepte – gratis bylae

LANDBOUWEEKBLAD

Koringoes verbrand tot as

KERKBODE

Kerkhereniging slaag

FIN24

Rand se gly verby

DE KAT

Anna-Mart se laaste ure

HUISGENOOT

Nataniël se kos verbrand



Wat op aarde?

Nog een van die regering se swartbemaatigingsprojekte. Wat sou die rede vir hierdie ontwerp wees?

1. Om meer spasie aan die binnekant te skep? Party van hulle is mos maar groot van lyf.
2. Of sodat dit as 'n buitewasbak gebruik kan word vir hande was?
3. Of dalk is die dakkie so beplan dat reënwater die spoeltenk kan vul?
4. Of dalk was daar 'n boggherop met die bouplanne?
5. Maar miskien is dit sodat dit maklik is om die spoeltenk te steel?

Ons sal seker nooit weet nie.



My dokter wou weet of enige van my familieleden aan kranksinnigheid ly.

Toe sê ek nee, dit lyk of almal dit geniet.

WAT IS DEMOKRASIE?

Die swart dogtertjie vra haar ma: "Mamma, watse ding is demokrasie? "Wel," my kind, antwoord sy, "dis wanneer die wit mense elke dag hard werk sodat ons swait mense al die voordele kan geniet. Dinge soos gratis selfone, huise, al daai voordele. Soos gesondheidsdienste, afslag op water, gratis krag en welsynstoelaes - daai soort goed."

"Maar mamma, maak dit nie die wit mense die moer in nie?"

"O ja, maar dit is wat ons rassisme noem."

(Jy kry seker nie 'n beter verduideliking nie.)

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

MANS HOU VAN HONDE

1. Jy hoef nooit vir 'n hond te wag nie - hy is 24 uur per dag gereed.
2. Honde dink jy is snaaks wanneer jy dronk is.
3. Honde hou baie van jag en visvang.



BEKKIGE KIND

Die pa neem sy vierjarige dogtertjie eenkant, en sê:

"Ek sien die ooievaar het oor ons huis gevlieg, en ek dink hy gaan kort voor lank 'n bondeltjie plesier hier aflaai."

"Wel," sê die dogtertjie, "pappa beter vir mamma hiervan vertel."

"Pappa weet sy is swanger, en so iets kan haar so groot laat skrik dat sy 'n miskraam kry."

UITGESORTEER!

Daar is verlede week bekend gemaak Toyota Suid-Afrika het die tegniese fout gekry wat veroorsaak dat so baie minibusse rol.

Die probleem is glo by die moeder wat die stuurwiel vashou.

BAIE VERLIG

Ek was dokter toe vir my jaarlikse ondersoek.

Hy sê die skuld vir my gewig is

- 1) drank,
- 2) niksdoen
- 3) ooreet.

Ek's nogal verlig, ek was bang dis dalk my eie skuld!

PLASTIEKVENTER

Op een van die straathoeke op my pad staan daar gereeld 'n verkoper van plastieksakke.

Ek koop die Vrydagmiddag by hom 'n pak wat sê 40 BAGS FOR R20.

Ek weet al teen die tyd dis 'n liegstorie, maar koop, want dis gerieflik. En net vir interessantheid tel ek toe ek tuis kom.

Net mooi 27 in totaal. So gedink.

Die volgende oggend kry ons dieselfde verkeerslig rooi en kom einste hy by die karvensters verby.

"Hoeveel sakke in die pak?" vra ek.

"Veertig, my Lani".

"Jy praat mos nou strooi man, ek het gister getel en daar was net 27 sakke."

Hy hou verby na die volgende kar toe en sê so terug oor sy skouer:

"Nou as die Lani weet, hoekom vra die Lani dan?"

SKOON LUG

Gehoor op Vishoekse strand: "Ek weet nie hoekom maak hulle so 'n bohaai van die Kaapse strande se skoon lug nie. In Johannesburg kan ons minstens sien wat ons inasem."

ANDY CAPP deur Smythe



STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Sê nou die Duitser se plan het gewerk?

Jare gelede, so herinner ek my, het regsgeleerdes in gevalle waar hulle iemand moes verdedig wat ooglopend skuldig was, soms gevra dat die hof moes bevind dat die beskuldigde tydelik waansinnig was. Dit sou dus beteken dat so 'n persoon nie toerekeningsvatbaar was toe die misdaad gepleeg is nie.

Of die argument nog 'n geldige argument is, laat ek oor aan diegene wat meer as ek van sulke sake weet.

Stap vandag deur die ou begraafplaas in Kerkstraat-wes en as jy 'n bietjie soek, sal jy by die graf van Hans Cordua uitkom. Nou nie juis 'n naam wat jy in elke geskiedenisboek sal kry nie.

Hans Cordua was 'n Duitser wat teen 1896 na die ou Transvaal gekom het. Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek, het hy hom as vrywilliger en offisier by die Staatsartillerie aangesluit. Toe Pretoria ná net 'n bietjie minder as agt maande in Britse hande geval het, het Cordua oënskynlik besluit genoeg is genoeg, homself oorgegee en die eed van getrouheid aan koningin Victoria geteken.

Herr Cordua het egter nog glad nie sy veglus verloor nie. In sy kop het 'n plan begin posvat waarmee hy feitlik eiehandig die oorlog vir die Boere kon wen. Of so het hy gedink.

Cordua het gereken dat as hy die Britse aanvoerder, Lord Roberts, kon ontvoer kan hy die bejaarde krygsman gyselaar hou. Hy sou dan dreig om Roberts dood te maak indien al die Britse troepe nie uit Suid-Afrika onttrek word nie.

Die eerste stap in sy plan was om hom as vrywilliger by die Britse weermag aan te sluit. Verbasend genoeg het die Britte hom in hul midde verwelkom en hom van 'n Britse kakie-uniform voorsien. En toe maak hy droog. Hy begin by van die plaaslike drinkplekke spog oor sy plan.

'n Engelsman was nog nooit juis 'n vergewensgesinde spesie nie. Toe hulle van Cordua se plan hoor, is hy onmiddellik in hegtenis geneem en voor 'n krygshof gedaag. Hier is hy met die spreekwoordelike boek gegooi. Hy is aangekla dat hy (1) onder valse voorwendsels die uniform van 'n soldaat in Haar Majesteit se weermag bekom het, (2) sy eed van getrouheid verbreek het en (3) beplan het om 'n sekere Britse offisier te ontvoer.

Hy is op al die aanklagte skuldig bevind en op elkeen tot die dood veroordeel. Op 24 Augustus 1900 het hy voor 'n vuurpeloton aan sy einde gekom.

Ver van sy vaderland en sy geliefdes het Hans Cordua roemloos gesterf.

Staan ek nou die dag weer by sy graf. Toe wonder ek: Was hy ernstig, of het hy sy planne in 'n oomblik van tydelike waansinnigheid gesmee?

Ek meen, dink net as sy plan kon gewerk het . . .

KOSMAAK in die oorlog

Een van die daaglikse pligte op kommando was om vee te slag. Die vleis is in stukke gesny en op die gelsagte dier se wel gepak. Die vleiskorporaal het 'n naamlys in sy hand gehad en met sy rug na die uitdeler gestaan. Die uitdeler het met 'n stuk vleis in sy hand gestaan, en dit het dan gegaan aan die man wie se naam uitgelees is.

Groepies in dieselfde korporaalskap het kookspanne gevorm wat mekaar afgewissel het.

Wanneer vleis oor die kole gebraai is, het elkeen vir homself gesorg. 'n Gewilde metode was om stukkies maer en vet vleis aan 'n spit te ryg. Vleis is dikwels ook direk op kole gebraai of onder die warm as toegekrap.

Biltong is van reepe gepekeldde rou vleis gemaak en dit is dikwels in die saalsak gebêre wanneer die burger vir 'n paar dae op patrollie uit is.

Uitgeholde miershope waarvan die poreuse openinge met vars klei of beesmis toegesmeer is, het veral in die guerrillafase uitstekende oonde uitgemaak.

Uit die wakis

Stories vir die vaak



Net omdat iemand jou nie lief het op die manier wat jy verkies nie, beteken nie dat hulle jou nie met hul hele hart bemin nie.

Piet en Estelle was albei pasiënte in 'n inrigting vir sielsiekes. Toe hulle op 'n dag verby die inrigting se swembad stap, het Piet skielik besluit om by die diep kant in te spring.

Hy het tot op die bodem gesink en daar bly lê.

Estelle het dadelik ingespring om hom te probeer red. Sy het tot op die bodem geswem en hom uit getrek.

Die direkteur het van haar helde-daad te hore gekom en dadelik beveel dat sy ontslaan moet word, en het haar die goeie nuus gaan meedeel.

"Estelle," het hy gesê, "ek het goeie nuus en slegte nuus. Die goeie nuus is dat jy huis toe kan gaan omdat jy in 'n krisis rasioneel opgetree. Jy het in die swembad gespring en die man wat jy lief het se lewe probeer red.

"Die slegte nuus is dat Piet hom in die badkamer aan 'n handdoek opgehang het nadat jy hom gered het. Ek is jammer, Piet is dood."

Estelle het geantwoord: "Hy het nie homself gehang nie, ek het hom opgehang sodat hy kan droog word. Wanneer kan ek huis toe gaan?"



'n Groot nood dwing eendag 'n non om in te stap by 'n plaaslike Teasers.

Die plek was behoorlik aan die hop met luide musiek en geselsery en kort-kort gaan die al ligte af. Elke keer as dit gebeur, juig die hele plek luidkeels.

Toe die kliënte die non opmerk, daal daar 'n doodse stilte oor die klub. Sy stap na die toonbank en vra of sy die toilet kan gebruik. "Natuurlik!" antwoord die kroegman, "Maar ek moet u waarsku, daar binne is 'n standbeeld van 'n naakte man wat net 'n vyeblaar aan het."

"Geen probleem nie," antwoord die non. "Ek sal maar net anderpad kyk." Hulle wys haar die plek en toe sy na 'n paar minute weer verskyn, klap en juig die hele kroeg vir haar.

Nuuskierig nader sy die kroegman en vra hom wat aangaan.

"Wel, dis net om jou geluk te wens omdat jy nou een van ons is," merk die kroegman op. "Wat wil jy drink?"

"Nee dankie, niks vir my nie, maar ek verstaan steeds nie," antwoord sy bekommerd. "Wat bedoel jy met, *ek is nou een van julle?*"

"Sien, die ding werk so," antwoord hy laggend, "elke keer wanneer iemand die vyeblaar op daai standbeeld in die toilette ophang, gaan al die ligte hier binne af.

"Nou, hoe lyk dit met daai drankie?"

Geduldige oupa in 'n supermark

'n Vrou in die supermark volg die oupa en sy baie woelige driejarige kleinseun. Hy het sy hande vol met die knaap wat gedurig koekies en tjijs en lekkers wil hê. Na nog 'n uitbarsting hoor sy hom kalm pies sê: "Kalm bly, Willie, dis nie meer lank nie, bly net kalm."

By die betaalpunt sê hy: "Dis oukei, Willie. Net 'n paar minute, dan is ons hier uit. Kalm bly."

Die vrou is baie beïndruk en stap na die oupa waar hy die kruideniersware in sy kar laai.

"Dis nie my saak nie," sê sy, "maar ek bewonder die manier waarop jy jouself beheer het. Willie is baie gelukkig om 'n oupa soos jy te hê."

"Dankie," sê die ou man, "maar my naam is Willie. Die klein stront se naam is Fanie."

Janet se dagboek van haar eerste skeepvaart

LIEWE DAGBOEK - DAG 1

Alles is gepak vir my skeepvaart. Al my mooiste rokke, swempakke, kortbroekies. Baie opwindend. Die idee van die vaart net vir vroue is dié klub vir meisies wat laat ontluik.

Dis my eerste vaart en ek kan nie wag nie!

LIEWE DAGBOEK - DAG 2

Ek was die hele dag ter see. Pragtig. Ons het walvisse en dolfyne gesien. Die kaptein ontmoet, hy lyk na 'n baie oulike man.

LIEWE DAGBOEK - DAG 3

Vandag by dié swembad, ook gholfballe van die dek af geslaan. Die kaptein het my na sy tafel genooi vir aandete. Ek voel geëerd en het dit baie geniet. Hy is baie aantreklik en sorgsaam.

LIEWE DAGBOEK - DAG 4

Ek het \$800 op die skip se casino gewen! Die kaptein het my genooi vir aandete in sy eie kajuit, baie luuks. Heerlike maaltyd kompleet met kaviaar en sjampanje. Hy het my gevra om die nag oor te bly, maar ek het die uitnodiging bedank. Ek het hom gesê ek kan nie ontrou wees met my man nie.

LIEWE DAGBOEK - DAG 5

Weer geswem, sonbrand gekry. Toe gaan ek binne toe vir 'n drankie by die klavierkroeg. Daar gekuier vir die res van die dag. Kaptein het my gesien en verskeie drankies vir my gekoop.

Hy is regtig baie sjarmant. Het my weer vir die nag na sy kajuit genooi. Ek het weer geweier. Toe sê hy as ek nie instem nie, sal hy die skip laat sink. Ek was geskok.

LIEWE DAGBOEK - DAG 6

Ek het vandag 2600 lewens gered. Twee keer!

Die Beloofde Land

Vyfduisend jaar gelede het Moses in Egiptote aan die kinders van Israel gesê: "Tel jul grawe op, klim op jul kamele en ek sal julle na die Beloofde Land neem."

Amper 20 jaar gelede het FW de Klerk gesê: "Lê jul grawe meer, sit op julle stêre en steek 'n Camel aan. Hierdie is die Beloofde Land."

Vandag het die ANC jou graaf gesteel, die prys van Camels hemelhoog gelig en jou van jou stêre af belas. Die paaie is tolpaaie en die Beloofde Land is aan die Chinese uitgelewer.

Ek was nou die aand so morbid toe ek aan Zuma dink, die ekonomie, die stakings, die korrupsie, tolpaaie en alles dat ek die Selfmoordlyn gebel het. Ek moes 1 druk vir Engels en ek is Pakistan toe gekonnekteer en het gesê ek wil selfmoord pleeg. Hulle was baie opgewonde en het gevra of ek 'n rybewys het.

Mense, ons is in die moeilikheid.

(Ingestuur deur Matt Oosthuizen.)

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

Leser wil weet hoe biologiese vader lyk

COETZEE 0765144144@vodacom.co.za

Ek's op soek na meer inligting oor my biologiese vader. Hy is Frederik Coenraad Coetzee en my biologiese ma Machtild Terblanche, noemnaam Tillie. Hulle het 'n verhouding gehad in omtrent 1960. Ek is as Frederika Magdalena Corlina Coetzee geregistreer in Pretoria. My geboortedatum is 7 Junie 1961. In April 1962 in Christiania aangeneem deur die Swart-egpaar. As enige iemand my kan help met enige inligting sal ek dit waardeer. Ek wil graag weet hoe lyk my vader.

DEYSEL remetals55@gmail.com

Addisioneel: Hello, my geboortedatum is 1978/10/15.

HEFER acgeyer@hotmail.co.za

Oos-Vrystaat-Rosendal, Senekal, Bethlehem.

KRUGER jkruger@walvisbaycc.org.na

Ek soek na inligting oor die nasate van Theunis Johannes Kruger, gebore op 7 June 1806 te Graaff-Reinet (broer van President Paul Kruger se vader).

NIENABER yapyap@mweb.co.za

Op soek na inligting oor Zarel (Sarel) Gerhardus Nienaber getroud met Anna Catharina Venter. Ek weet van 2 seuns Gerrit (Gert) Abraham (1850) en Nicolaas Johannes Josef Jacobus (1855) Boere in die Burgersdorp-distrik.

OLIVIER yapyap@mweb.co.za

Inligting oor Jan Daniël Olivier (Burgersdorp) geb. ore 1868 oorlede 1904. Was ge. Susanna Catharina Schoeman. Hulle het 2 kinders gehad, Helena Hendrina Cath (1893-1961) en Jan Daniël (1904 - 1975). Aletta is na Jan Daniël se dood met Jan Venter getroud.

THOM mathysj.thom@facebook.com

Middelburg gebore. 5411225023088. Sabie groot geword. Sybrand van Niekerk Hoërskool gematrikuleer

VAN LYDENBURG lili@swu.co.za

Ons soek vir Riaan wie se ma Jana is van Lydenburg. Sy pa is Hubert Buckley. Sy pa soek hom. Riaan is gebore die 19de Desember en is nou 18 jaar oud.

VAN ZYL yapyap@mweb.co.za

Op soek na inligting oor Gideon van Zyl (27/12/1895 - 2/9/1931) was getroud met Susanna (Poppie) Lombard. Hulle het 2 seuns gehad, Petrus Erasmus (1926) en Gideon Samuel (1931) Petrus Erasmus is in Umvoti (Greytown) gebore. Enige inligting welkom.

Help, my vrou is weg!

Dis so vieruur die middag toe 'n middeljarige man moeg by 'n polisiekantoor instap. Na ongeveer 'n halfuur slaag hy daarin om een van die konstabels se aandag te trek.

Man: "My vrou het weggeraak."

Inspekteur: "Hoe lank is sy?"

Man: "Nee, ek het nooit opgelet nie."

Inspekteur: "Skraal, of groot?"

Man: "Nie skraal nie."

Inspekteur: "Kleur van haar oë?"

Man: "Nooit opgelet nie."

Inspekteur: "Kleur van haar hare?"

Man: "Verander gedurig, kan nie onthou nie."

Inspekteur: "Wat het sy aangehad?"

Man: "Rok of langbroek, kan nie onthou nie."

Inspekteur: "Was daar iemand saam met haar?"

Man: "Ja, my labrador, Romeo. Dra 'n goue ketting, 30 cm hoog, gesond, bruin oë, donkerbruin hare, een van die naels aan sy linkervoerpoot is effens gebreek. Hy hou van vleis."

Inspekteur: "Oukei, kom ons begin om die hond te soek!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Willie Wiele se nagjurk

"En dan loop staane darie man mos g'n stuk nikse kuisheid onnerie rok nie. Net so kaalstêre klimmie ou onnerie rok in."

Deur
ANDRE DIPPENAAR

"Weetie ou te spog lattie dokter elf jaarts naigare opgemaak en vier naalde stomp gesteek het om allie gate toe te kry."

Nou weet ek nie hoekom ek alewig, as ek saam met oompie Doors iewers heen loop staane saamry het, vir my inne storie moes staane vasry het nie. Amper soos daai wet vannie Ingilse wat hulle Mûrfie se Lô loop noem het. Daai een wat sê asse sny brood uit jou hand uitglip, loop staane neukit altyd mettie jêmkant onnertoe oppie vloer neer.

So is eken oorle Oompie oppe slag terug op pad van Vosburg af. Hettie ou vir hom 'n Lister-enjintjie loop staane koop daar by 'n kêrel wiese naam my ommie dootie kan byvallie. Weet ek net lat op daai werf het dit gelyk offie ou met Listers geloop staane teel het.

Ewintwel, dis lat ons in Williston se hoofstraat loop staane afry wat onsie kêrel oppie sypaadjie innie visier loop kry. Man mette sak vol leë êmpties oorle skouer op pad Off Sales toe. Issie man uit sy spore uit geoorlaai. Loop en weifel hy die hele sypaadjie vol.

En dis net wattie man by 'n tuinhekkie verbyloop en ons presies regoorie ou kom, latte moerse hond teen daai hekkie opspring met nogge moerser groot geblaf.

Val daai stomme kêrel rûens agteroor oppie sypaadjie. Sak bottels des moers. Uitgesnuit soose kêrs lêrie man daar.

Samaritaanlik soosie ou grootgemaak is, loop stop Oompie byrie man en lawe hom met sy laaste lekseltjie water uitie seil watersakkie wat aanie voorste bamper hang.

Soos ons wegry, filosofeer Oompie lat dit eerder die wyn se walm assie hond se woef moes wees wat die kêrel sy ligte laat doodskrik het. En dis lat ons bietjie spoed bymekaar loop maak soos ons dorp uitry, lat ek weer kop aan kop inne Doors vertelling loop staane vasry.

"Ou Swaerie, nou't daai honne spektakeltjie my mos laat dink aanie keer wat Koenie van Rijn, oorle oupa Hennerik se agter kleinneef, loop staane besluit het lattie familiebande gans te slap hang en lat hy nettie man is ommie spulletjie styf te loop stel.

"Jy onthou mos nog vir ou Koenie? Koenie Knaters het ons hom later loop staane verdoop.

"Nou ja, so beklim Koenie die trein op Calvinia en sittie stuk in Hutchinson toe. Na sy ma se halvesuster, ant Hes Poggenpoel toe. Was dié se man, Willem Wiele, mosse wheel têpper. Jy weet mos, daai manne wat so teenie treine se wiele loop staane tik het mette hammertjie om te kyk offie wiele nie pap gery is nie."

Vertel Oompie lat daai eerste aand se bymeekaarkom was glo amper soose span bandiete innie magistraat se tuin.

Só loop staane hark hulle familiegeskiedenis bymeakaan en beskiner en beklad al watte neef, niggie, houvrou, moes trou, wewenaar en weduwee wat hulle die naam kan oplê. Tot amper middemag toe praat hulle kan op kan koffie leeg. Lykit later Willem Wiele sitte belaster sommer so in sy slaap.

En toe dit lêtyd loop wôre, issit wat Koenie sy outydse flênnie nagjurk loop oorgooi. Daai slaaprok wat amper lyk soosie agterstevoor jasse wat hulle innie hospitaal virre mens aantrek. Behalwe lattie nagrok nie oop kant voor af agter hettie, borduurie ou voort.

"En dan loop staane darie man mos g'n stuk nikse kuisheid onnerie rok nie. Net so kaalstêre klimmie ou onnerie rok in."

"Hoekommie stomme dônner nog met so 'n spektakellaken loop staane slaap het, sal net hy weet. Veral narie episode met die nuwe bure se seuntjie wat by hom kom suiker leen het.

"Toe't die ou die deur oopmaak ennie kêrs bietjie lig om beterder te kan sien, wassit die slag wattie kind gb sê: 'Naand, antie, ma vra of antie nie vir ons bietjie suiker hettie?' en dis toelat Knater hom so verêre lat hy die nagrok se voorkant oplig en sê: 'Kyk self, jou klein stront, ek issie 'n antie nie!'"

Toe seg die kind net: "Jislaaik, Antie!"

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 23 SEPTEMBER